

Verbatim Transkripsies/MLS


SAAKNOMMER: CC 296/91

IN DIE HOOGGERECHSHOF VAN SUID-AERIKA

(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

PRETORIA

1994-06-02

HAAL DEUR WAT NIE VAN TOEPASSING IS NIE	
(1) RAPPORTEERD IN JAARE	
OPGELOST DEUR ANDER RECHTERS: <input checked="" type="checkbox"/> NEE	
OPGELOST DEUR: <input checked="" type="checkbox"/>	
DATEUM: 18.7.94	HANDTEKES: 

DIE STAAT

teen

W.A. VERMAAS

  
19.7.94

Beskuldigde

(10)

UITSpraak

KIRK-COHEN R: Hierdie verhoor het gedurende September 1991 begin. Toe die beskuldigde se getuienis-in-hoof gelei is het sy advokaat, mnr. Oosthuizen, weens die nie-betaling van sy fooie van die saak onttrek. Daarna het die beskuldigde sy eie saak behartig. Die getuienis is gedurende November 1993 voltooi en die saak is toe vir betoog uitgestel.

(20)

Die huidige posisie is dat die beskuldigde besig is om sy betoog te lewer. Mnr. Oosthuizen is nou weer aangestel, ek verstaan slegs vir doeleindes van die huidige aansoek.

Voor my dien 'n aansoek om 'n spesiale aantekening in-gevolge die bepalings van artikel 317(1) van Wet 51 van 1977 op die oorkonde aan te bring. Die beweerde onreëlmatigheid waarop die applikant (die beskuldigde) steun, lui soos volg:

"Dat die verrigtinge in verband met en gedurende die beskuldigde se verhoor onreëlmatig of met die reg strydig is, inaggenome die feite en bewerings waarna in

(3)

die/...

(c) Iemand wat 'n bepaling van 'n laggewing beoog in paragraaf (a) oortree, is skuldig aan 'n misdryf en by skuldigbevinding strafbaar met die straf vermeld in subartikel (5) van artikel 154 van die Strafproseswet, 1977 (Wet No. 51 van 1977)".

Subartikel (5) van artikel 65 is ook gewysig. Dit lees:

"(5) Alle getuienis ingevolge hierdie artikel afgelê kan, behoudens die bepalings van subartikel (2A), in enige geding teen die persoon wat die getuienis (10) afgelê het aangevoer word".

Artikel 152 van die Wet is dienooreenkomstig gewysig.

Subartikel (5) daarvan bepaal nou as volg:

"(5) Die bepalings van subartikel (2) van artikel 65, is behoudens subartikel (2A) van daardie artikel, mutatis mutandis van toepassing in verband met die oorlegging van 'n boek of geskrif of met die ondervraging van iemand kragtens die voorgaande bepalings van hierdie artikel".

Die applikant verwys na die volgende getuienis van mnr. (20)

Malan:

"Voor ek oorsê was het ek geen samewerking gekry nie. Tydens ons oorsese besoek wat 'n uitgebreide besoek was, het ek baie inligting bekom en ek het besef dat ek het baie meer inligting van mnr. Vermaas nodig ten einde hierdie bates op te spoor en in die oorsese rekenings in te kom en dit is wat ons laat besluit het om op 'n dringende basis ... ondersoek te hou".

Na die wysiging ingetree het en na mnr. Malan met die Meester van die Hooggeregshof gepraat het, het die Meester (

besluit/..

besluit om ingevolge artikel 152 op te tree omdat dit 'n outo-  
 en vinniger prosedure as 'n ondersoek ingevolge artikel 65  
 bevat.

Die applikant steun ook op die volgende gedeelte van die  
 opsomming van die getuienis van mnr. Malan:

"Daar was verskeie dreigemente van dringende aansoeke om  
 die ondervraging te stop, maar mnr. Malan het die Meester  
 oorreed om nie te stop voorlat die hof 'n bevel daartoe  
 verleen het nie .... Nadat die Insolvensiewet behoorlik  
 bespreek en debatteer is, het die beskuldigde en sy  
 regsvertegenwoordigers besluit hulle gaan nie voort met 'n  
 hofaansoek nie en dat hulle die inligting wat mnr. Malan  
 benodig ... in terme van 'n ondersoek voor die Meester  
 beskikbaar sou stel want dan sou die beskuldigde die  
 beskerming hê wat die wet hom verleen". (10)

Dit is gemeensaak dat die ondersoek gedurende Augustus  
 1989 begin het en dat die Meester dit ongeveer drie tot vier  
 keer ingevolge die bepaling van artikel 152(3) van die Wet  
 uitgestel het. Gedurende gemelde verskynings het die beskul-  
 digde getuig. Mnr. Malan het self die beskuldigde voor die  
 Meester ondervra.

Mnr. Oosthuizen het na die volgende gedeelte van die  
 opsomming van mnr. Malan se getuienis in die aanhangsel tot die  
 aansoek verwys:

Die notule van so 'n ondersoek is 'n verbatim  
 transkripsie van vraag en antwoord. Mnr. Malan het nog  
 steeds die volledige rekord van die artikel 152 ondersoek  
 in sy besit. Hy het 'n afskrif daarvan aan sy mede-  
 kurator, mnr. Nel, gegee en ook met verskillende geleent-  
 hede ---- gedeeltes --- beskikbaar gestel aan sy  
 advokate en prokureurs. Die doel van sodanige

beskikbaarstelling/...

beskikbaarstelling was om verskillende aksies te oorweeg en in te stel. Mnr. Malan het 'n idee dat hulle (hy en mnr. Nel) 'n afskrif van die artikel 152 rekord direk van die transkribeerders gekry het, maar hy meen dat dit die Meester is wat die opdrag gegee het dat dit getik word. Hy weet nie of dit by die Meester se kantoor of by die kantoor van die tiksters gekry is nie. Mnr. Malan vermoed hy dat sekere gedeeltes wat dringend was deur hulle by die transkribeerders afgehaal is en ten opsigte van die res het die Meester hulle gebel en gesê dit is gereed. (10)

Daar is verskillende verwysings na "oorkondes" in die meervoud. Dit het betrekking op die oorkondes van verskillende dae van dieselfde ondersoek. Inderdaad is daar net een rekord.

Majoor Delpont, die ondersoekbeampte in hierdie saak, het "op versoek van die ondersoekspan van die prokureur-generaal ... daardie (artikel) 152 notules verkry sodat daar gekyk word na die klagtes wat daaruit kon voortspruit". (Rekord 10162)

Majoor Delpont getuig dat hy die oorkonde by die Meester bekom het. Hy sê nie en is nooit gevra of hy die notules gelees het nie. (20)

Die prokureur-generaal en sy ondersoekspan het as gevolg van die inhoud van die artikel 152 notules wat majoor Delpont oorhandig het, 'n aanklag teen die beskuldigde ten laste gelê, naamlik aanklag 143, een van beweerde meined, met verwysing na die bepaling van artikel 139(2) van die Wet. Die beweerde meined hou verband met die beskuldigde se getuienis in verband met bankrekenings oorsee.

Toe aanklag 143 in hierdie hof behandel is, het ek geweier om die volledige rekord as 'n bewysstuk te aanvaar. Ek het slegs daardie bladsye daarvan, met deurhaling van die (30)

nie-ter/...

nie-ter saaklike woorde op gemelde bladsye, aanvaar wat die advokate vir die staat en die beskuldigde ooreen gekom het op die aanklag van toepassing was. Dit beslaan 16 bladsye. Later het mnr. Oosthuizen twee verdere bladsye ingehandig. Al genoemde bladsye word in bewysstuk DD bevat.

En passant het mnr. Oosthuizen met huiwering gemeld dat die artikel 152 ondervraging eintlik soos 'n artikel 65 ondervraging behandel is en dat "die Meester homself daardeur in die moeilike posisie geplaas het dat hy nie sy verpligtinge in terme van artikel 65(2A) ... ten volle kon nakom nie". (10)

Mnr. Oosthuizen het slegs hierdie punt genoem maar nie geargumenteer nie. Toe ek pertinent gevra het of die applikant daarop steun is die punt nie verder gevoer nie en is vir praktiese doeleindes geabandoneer.

In elk geval is daar geen meriete hoegenaamd in gemelde punt nie en wel vir die volgende redes:

1. Daar bestaan geen getuienis hoegenaamd om die bewering te staaf nie.
2. Die verpligtinge op die Meester ingevolge artikel 65(2A) geplaas word eweneens op hom ingevolge artikel 152(5) (20) geplaas.
3. Die regte van ondervraging wat aan die kurator ingevolge 152(4) toegeken word, verskil nie van sy regte onder artikel 65 nie. Ingevolge artikel 154(4) kan die kurator waar hy nie self ondervra word nie, die opgeroepe persoon omtrent enige saak wat betrekking het op die insolvent of sy boedel of die beheer van die boedel, ondervra (my onderstreping).

Dit is nie die applikant se saak dat daar 'n verbode publikasie aan hierdie hof was nie. (30)

Die kern, en enigste, punt van die aansoek is dat die Meester en/of mnr. Malan die inhoud van die verrigtinge aan majoor Delpont en, via hom, aan die prokureur-generaal en sy ondersoekspan gepubliseer het; dus is die hele verhoor voor hierdie hof nietig want die beskuldigde se swygereg wat deur artikel 65(2A) beskerm word, is heeltemal geskend en tot niet gemaak.

Wat mnr. Malan betref is daar geen getuienis of afleiding dat hy ooit saam met die Meester of hoegenaamd die inhoud van die oorkonde aan gemelde persone openbaar het nie. Met die uitbreiding van sy betoog het mnr. Oosthuizen dit aanvaar en sy betoog beperk tot die oorhandiging van 'n afskrif van die oorkonde aan majoor Delpont, en via hom, aan die prokureur-generaal en sy ondersoekspan beperk. (10)

Majoor Delpont, soos genoem, het slegs getuig dat hy die oorkonde by die Meester gekry het. Hy het nie gesê dat hy dit gelees het nie, maar vir doeleindes hiervan word aanvaar dat hy dit wel gelees het.

Vir doeleindes hiervan sal ek ook aanvaar dat gedurende die artikel 152-ondersoek die beskuldigde verplig was om vrae te beantwoord wat hom kon inkrimineer, of hom by hierdie of enige strafregtelike verhoor kon benadeel soos in sub-artikel (2A) (a) na verwys word. (20)

Die betoog namens die applikant is dat al wat die Meester kon doen was om slegs daardie bladsye of uittreksels van die oorkonde wat na sy mening 'n misdaad waarna in sub-artikel (2A) (b) verwys word aan die ondersoekbeampte of die prokureur-generaal te oorhandig (publiseer). Andersins gestel, die ondersoekbeampte en die prokureur-generaal en sy verteenwoordigers was net geregtig om daardie bladsye of gedeeltes van bladsye/... (30)

bladsye te sien en te bestudeer wat die Meester besluit het hulle kon sien.

Die applikant het probeer om die huidige saak op dieselfde grondslag as S v Alexander (1) 1965 2 SA 796 (A) en S v Mshimba en Andere 1977 2 SA 829 (A) te plaas. In beide sake het die hof bevind dat daar 'n skending van die beskuldigde se regte plaasgevind het. Die vraag in beide sake was wat as gevolg daarvan moes gebeur het.

Wat hier ter sprake is, is of daar 'n skending van die beskuldigde se regte plaasgevind het of nie. Slegs indien daar so 'n skending plaasgevind het, dan word die beginsels in gemelde beslissings bespreek van toepassing. (10)

Ek bevind dat daar nie 'n onwettige publikasie was nie en wel vir die volgende redes: Die oorhandiging van die oorkonde aan die ondersoekbeampte en die prokureur-generaal en sy ondersoekspan deur die Meester, was nie publikasie soos deur die subartikel bedoel nie. Die woord publiseer (publish), word in vergelykbare sake bespreek en ek verwys eerstens na S v Du Plessis 1981 3 SA 382 (A) waar Corbett AR die volgende op 403 H tot 404 A gesê het:

"With regard to the meaning of the word 'publish', as used in the opening words of this section, the first meaning attributed to this word in the Oxford English Dictionary is: (20)

'To make publicly or generally known; to declare or report openly or publicly; to announce; to tell or noise abroad; also to propagate, disseminate (a creed or system).'

The meaning, 'to make publicly or generally known', has been referred to as the 'ordinary' meaning of the word (see eg S v Kiley 1962 (3) SA 318 (T) at 322D: (30)

S v Laurence/..

S v Laurence 1975 (4) SA 825 (A) at 828F-G. I have no doubt that, in the context of s 118 (1), this is the meaning which 'publish' bears.

The learned Judge a quo came to substantially the same conclusion as to the meaning of 'publish' and held that publication 'to a person or firm or to a limited number of people cannot be publication in terms of the act.' "

Ek verwys ook na S v Narais 1983 1 SA 1028 (T) te 1032B-C.

In hierdie saak was die betekenis van die woord "publiseer" ook ter sprake. Die geleerde regter het na die volgende met (10) goedkeuring verwys:

'Die Verklarende Afrikaanse Woordeboek (Kritzinger, Labuschagne en Pienaar, 6de uitg) gee die volgende betekenis aan die woord 'publiseer': bekendmaak, afkondiging, uitgee, publisiteit verleen. EAT gee slegs 'n beperkte betekenis aan die woord, naamlik 'n geskrif laat druk, in die lig gee, uitgee. Ons is egter ook verwys na Webster's Dictionary wat onder andere die volgende betekenis aan die woord 'publish' gee.

'(a) to make public or known, either by way of words, (20) writing or printing, what before was private or unknown; to notify publicly; to divulge, as a private transaction; to promulgate or proclaim as a law;

(b) to cause to be printed and offered for sale; to issue from the Press to the public; to put into circulation.' "

Die woord "publiseer" in artikel 65(2A)(a) het 'n wyer begrip as "openbaar". Dit veronderstel die bekendmaking aan die publiek of 'n wesenlike gedeelte daarvan. Die woord (30) publiseer/..

publiseer is noodwendig gekoppel met die publiek en is van  
geen woord afkomstig.

Na my mening is gemelde omskrywings van toepassing op die  
bewoording en toepassing van sub-artikel (2A) (a). In casu is  
die openbaring van die inhoud van die oorkonde aan die  
betrokkenes nie "publikasie" nie.

Hierdie bevinding word onderstreep deur die pligte van die  
ondersoekbeampte en die prokureur-generaal ten opsigte van  
beweerde misdaad. Sub-artikel (2A) (b) maak voorsiening vir  
strafregtelike optrede teen 'n getuie wat beskerming teen (10)  
publikasie onder subartikel (2A) (a) geniet. Onder andere kan  
so 'n persoon van meened aankla word.

Aangesien die Suid-Afrikaanse Polisie kragtens artikel  
5(c) van die Polisie wet, nr. 7 van 1958, die plig het om enige  
misdryf of beweerde misdryf te ondersoek, is die ondersoek-  
beampte klaarblyklik geregtig op insae in die oorkonde in  
verband met so 'n moontlike vervolging. Aangesien die  
prokureur-generaal kragtens artikel 5 van die Wet op die  
prokureur-generaal, 1992, in beheer is van alle vervolgings is  
hy en/of sy gedelegeerdes (sien artikel 6 van genoemde Wet) (20)  
klaarblyklik geregtig om insae in die oorkonde van die  
verrigtinge. Hy kan slegs 'n vervolging instel indien daar  
"reasonable and probable cause for prosecution" bestaan (sien  
Landsman and Others v Minister of Police 1975 2 SA 155 (OK))  
en moet hy noodwendig die oorkonde in geheel vir daardie doel  
bestudeer om te sien of, op die getuienis in geheel, 'n vervolg-  
ing geregverdig is. Die betoog namens die applikant is dat die  
prokureur-generaal met oogklappe sy verpligtinge moet uitvoer.  
Daar bestaan nie so 'n beperking nie.

Daar bestaan 'n opvallende onmoontlikheid met die

applikant/.. (3)

applikant se betoog, naamlik wie bepaal wat die ondersoek-beampte of die prokureur-generaal mag sien. Ingevolge die betoog kan dit net die Meester wees. Wat, volgens die applikant, sou die posisie wees indien die Meester, wat volgens sy amp nie 'n deskundige in strafreg behoort te wees nie, te veel bladsye na die prokureur-generaal deurstuur? Die betoog lui tot 'n absurde situasie. Dit postuleer verpligtinge op die Meester wat nie ingevolge wetgewing aan hom toevertrou word nie. Verder ontnem of beperk die betoog die ondersoekbeampte en die prokureur-generaal of sy gedelegeerdes verpligtinge en (10) regte wat spesifiek aan hulle toevertrou word.

Dit is net logies dat die Meester die notule beskikbaar moet stel en dat die ondersoekbeampte en die prokureur-generaal die notule in geheel moet lees aangesien die getuienis in geheel en in konteks beoordeel moet word voordat daar oor die instel van 'n vervolging besluit kan word.

Soos in Du Toit, Commentary on the Criminal Procedure Act op 1-4C ten opsigte van staatsaanklaers gestel word: "Objectivity is important and the decision to prosecute should be taken after careful consideration of all the facts and (20) surrounding circumstances". Dit is klaarblyklik nie die plig van die Meester om 'n gedeelte van die prokureur-generaal se pligte oor te neem nie. Die aansoek postuleer dat die prokureur-generaal moet besluit om te vervolg sonder dat hy die betrokke oorkonde in geheel mag oorweeg. Dit was nooit die bedoeling van die wetgewer nie.

My bevinding word gegrond op die beginsels weergeleë in S v Xaba 1983 3 SA 717 (A), S v Nkata & Others 1990 4 SA 250 (A), S v Shepard 1969 3 SA 72 en S v Cooper & Others 1977 3 SA 475 (T).

(30)

Daar/..

Daar bestaan geen meriete in hierdie aansoek nie.

My slotsom is dat die aansoek baselagtig en onsinnig is en dat die toestaan daarvan op 'n misbruik van geregtelike proses sal neerkom.

Die aansoek word geweier.

(10)

(20)

(30)